

Boodskap vir Sondag 28 Junie 2020

Gegroet uit die pastorie

Een van die Kerkvaders van duisende jare terug het die spreuk gehad dat die beste gesprek gebed is en ons altyd moet bid en nou ook. As ons ophou bid, het hy gesê, raak die lewe stom vir ons. Daar is dieper en onsigbare kommunikasie as dit wat ooglopend is. Gelowiges aanvaar terstond dat die Here alles hoor wat hulle bid, maar hoor bitter min as die Here terugpraat. Sielkundiges meen dat gebed 'n meer sielkundige funksie as spirituele funksie ten goede het. As iemand jou ag en jy vertel die persoon dat die Here iets van hom of haar gesê het, word dit maklik aanvaar. Eintlik is die waarheid dat die dinge wat jy glo, makliker met jou gebeur omdat jy dan die weerstande daarvan uitgeknikker het. Breedweg word dit die placebo-effek genoem – wat reeds bewys is as die heel beste medisyne al is dit 'n suikerpil – jy moet net glo dit werk en siedaar!

Daar is 'n logiese geneigdheid om skielik die Here se naam aan te roep in gebed wanneer trauma of skok of onsekerheid mens oorval. Selfs mense wie se geloofsake maar eina-eina is, gryp na hemelse kommunikasie as die aarde te wild raak. Pandemies en oorloë en egskeiding en bankrotskap en ongelukke en trauma en droogtes is sulke voorbeelde en ons hoor van in Psalm 55:17-19 // *Maar ek roep na God, na die Here wat my sal red. In die aand, in die môre en in die middag, heeldag kla en sug ek, en Hy hoor my roep. Hy sal my lewe red en my die oorwinning gee, al is daar so baie teen wie ek moet veg.* En wie van ons ken nie die krag van die woordelose skreeu-gebed van help, Here! as ons iewers vasbrand nie – dit is die woorde vanuit die hart wat die vinnigste reis, is 'n ou-ou spreuk.

En hoe graag gebruik ons nie die Onse Vader gebed van doop tot begrafnis as 'n raamwerk vir 'n supergebed soos Jesus vir ons gegee het in Matteus 6:9-13 nie: // *“So moet julle bid: “Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.*

Die aanbeveling is wel dat ons met die Here in verbinding moet bly: Matteus 7:7 // *(bly) Bid, en vir julle sal gegee word; (bly) soek, en julle sal vind; (bly) klop, en vir julle sal oopgemaak word.* En eerlike gebede breek deur alle skanse, maar dit behels nooit 'n ydele herhaling van woorde nie aldus Matteus 6:7 // *Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene 'n stortvloed van woorde gebruik nie. Hulle verbeel hulle hulle gebede sal verhoor word omdat hulle baie woorde gebruik. Moet dan nie soos hulle maak nie, want julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom vra.*

Om met die Here te kommunikeer is nes om met 'n geliefde boodskappe uit te ruil. Liefde bied die vrymoedigheid om te waag, bly te wees, opgewonde te wees, jou vrese en pyn te deel, e.d.m., soos Jeremia ook geweet het (Jer. 29:13) // *En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart; soos ook in Psalm 50:15 // .. en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.*

Ons aanvaar sonder om dit te verstaan dat 'n rekenaar die bevele wat ons gee per toetsbord en muis sal uitvoer, maar wat op die agtergrond aangaan weet ons niks van nie. So glo ons waarskynlik ook enige iets oor die Here. Aan die aardse kant wys ons en praat ons en doen ons selfs dinge wat ons hoop die Here sal doen en sal ondersteun, maar die agtergrond is geheel aan ons onbekend. As ons eerlik is, sal ons miskien erken dat ons gebede nie groot trefkrag het nie en dat ons oortuigings dalk veel beter werk.

Dit is nie wat jy bid wat dinge laat gebeur nie, maar wat jy glo. In elk geval is dat wat die Bybel voorhou as die waarheid soos in Markus 11:24 // *Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.* En ook in Matteus 21:22 // *En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo.*

Soms is dit nie ons wat gedryf word na gebed deur pyn of nood nie, maar die Here wat deur ons iets wil laat gebeur. Dan woel sy Gees in ons totdat ons vir iets intree. Die Gees van God help ons ook om suiwerder te bid, meer direk oor wat regtig nodig eerder as wat ons dink, soos in Romeine 8: 26-27 // *Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges.*

Om in groepies saam te bid oor iets, werk baie goed en net so om God se eie woorde te bid, soos bevestig in Johannes 15:7 // *As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry* en ook Matteus 18:19,20 // *As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry, want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle.*

Daar is nog vele fasette van kommunikasie met die Here, soos stil gebed waar gewoon op die Here gewag word vir wysheid of 'n antwoord, om in die natuur te loop en sommer beïndruk te wees met God se skepping, om te mediteer oor die lewe tot 'n gemoedsverandering, in te tree vir siekes en mense in nood, om as 'n gemeente saam te staan in 'n versoek, e.d.m.

Ons ken die klaaggebede, die hulpgebede en lofgebede, maar uiteindelik is die vraag wat dit beteken om te lewe voor die aangesig van jou Skepper. Alles gaan nooit deurentyd goed nie en ook nie altyd sleg nie en die wyer aspekte word al te dikwels verklank in 'n lied soos 'n klaaglied of loflied. Waarvan dikwels vergeet word, is die dankgebed of nog in die sterker vorm – die danklied. Psalm 126:5-6 sê // *Wie met tranes saai, sal die oes met gejuig inbring. Al loop hy en huil terwyl hy die saaisak dra, hy kom juigend terug terwyl hy sy gerwe dra.* Om voor die Here te huil is diep gebed – almal soek een of ander tyd 'n Sonvanger in ons omstandighede. Dikwels begeer ons om vrygemaak te word van een of ander slaafskap en soek ons hulp van Bo.

Die Woord van God is vol dankliedere en hulle word gekenmerk deur die woord Halleluja wat in sulke gebede of liedere voorkom. Die woord Halleluja beteken om met God te spog en meesal vertaal met Prys die Here!. Dit is die heel beste manier om voor die aangesig van jou Skepper te lewe. So iets hoor ons in die klaaglied/gebed van Habakuk 3:17-19 // *Vir die koorleier. Met snarespel: Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder. Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop.*

Lofprysing is selfs beter as 'n placebo- of noodgebed want dit kom uit die hart waar liefde is en die Gees van Christus woon. Die gebed van gevoel, van liefde, van lof is volgens die ou Kerkvaders die enigste gebed waarvan jy seker kan wees dit iets in beweging bring. Dit is soos 'n land wat voorberei word met lofprysing sodat die saad wat reeds daarin is, kan opkom.

As dit voel of al jou gebede teen die plafon vasslaan, probeer 'n loflied soos bv. Psalm 150, wat alles mooi bondig saam in een groot halleluja vat, ter inleiding van enige versoek ter hemele: *Prys die Here! Prys God in sy heiligdom, prys Hom hier onder sy magtige hemelgewelf! Prys Hom oor sy kragtige dae, prys Hom in sy magtige grootheid! Prys Hom met die ramshoring, prys Hom met harp en lier! Prys Hom met tamboeryn en koordanse, prys Hom met snaarinstrumente en fluite! Prys Hom met simbale, prys hom met galmende simbale! Laat alles wat asem haal, die Here prys! Prys die Here!*

Neem vir jou hart die seën-gebed van die Here vir nou en elke dag: Die Here sal jou seën en jou beskerm; die Here sal tot jou redding verskyn en jou genadig wees; die Here sal jou gebede verhoor en aan jou vrede gee!

Amen